

**10 November**

**Skrifgedeelte: Handeling 11:19-30**

**Fokusgedeelte: Handeling 11:21**

**God laat sy kerk voortleef, selfs deur moeilike omstandighede**

Die manier waarop God 'n mens help is soms so dat jy dit eers baie later verstaan. Hierdie paragraaf begin deur te sê dat die gelowiges vervolg is. Die een wat daardie vervolging laat losbars het, Saulus, word later in hierdie paragraaf genoem.

Eers het Saulus die kerk uitmekaar gejaag, en hoewel dit baie negatief beleef word, het die gelowiges sover as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig. So het dit gebeur dat hulle ook in Antiogië gekom het. Antiogië was 'n handelstad waar Europa en Asië mekaar ontmoet het. Hier is die evangelie ook aan ander mense as Jode verkondig. So het die Here die gelowiges gehelp om die opdrag wat Jesus kort voor sy hemelvaart gegee het, naamlik dat die evangelie aan al die nasies verkondig moet word, uit te voer.

Maar daar is nog meer. Saulus was die een wat die vervolging van Christene laat losbars het. Daardie selfde Saulus is deur Barnabas gaan haal om hom te kom help om die evangelie van Jesus Christus, wat hy eers so heftig teengestaan het, te help bevorder.

So sien 'n mens hoedat God in sy almag die geskiedenis gebruik om sy koninkryk te laat uitbrei. Want 'n groot aantal het geglo dat Jesus die Christus is, dat Hy vir hulle sondes betaal het, en dat hulle deur Jesus se betaling vir God aanvaarbaar geword het. Selfs deur moeilike omstandighede laat God dus sy kerk voortleef.

*Sing: Psalm 25:2 (2001)*

*Dr PC van der Walt (Pietersburg-Suid)*